Oordenking.
6 Desember 2017.

Vrede! Shalom!

Joodse gelowiges het mekaar nog altyd met die woord "shalom", wat vrede beteken, gegroet. Hulle sê daarmee, *mag die vrede van God met jou wees*. Die profeet Jesaja sê ook in hoofstuk 9 onder andere van die Messias, dat Hy die Vors van vrede is.

Die apostels het die kerke in die Nuwe Testament gegroet met die woorde, *"genade vir julle en vrede*". Hulle verwys na die genade in Christus Jesus wat vir ons vrede met God en vrede in God skenk.

Goddelike vrede leer ons van die bestaanswyse van God. Dit beskryf die hart en karakter van die Here. Ewige liefde, genade en vrede getuig van die eienskappe van die samesyn van die Persone van die Heilige Drie-Eenheid. God geniet met volmaakte vreugde die vrede met God self. Ons sondaars, aan die ander kant het vyandskap met God gekies toe ons ongehoorsaam aan die Here geword het, toe ons verkies het om ons eie gode te wees wat kan maak soos ons wil.

Die prys wat ons betaal vir ons hardkoppigheid, is dat ons vyande van God geword het en so die vrede van God en met God verloor het.
Maar as ons verhouding met God herstel is, word die aggressiewe dwaasheid in ons verander in vredemakers en mense wat vrede geniet!
God het in Jesus Christus, die Vors van vrede, na ons toe gekom om altyd by ons te bly. Deur sy Gees herstel Hy ons vrede met God self en met mekaar en verseker ons van die ewige vrede wat wag.

'n Engel het vir Josef die swangerskap van sy verloofde, Maria, kom verduidelik. In hierdie konteks lees ons in Mat 1: 22 en 23: *"Dit het alles gebeur sodat die woord wat die Here deur sy profeet gesê het, vervul sou word: 'Die maagd sal swanger word en 'n Seun in die wêreld bring, en hulle sal Hom Emmanuel noem.' Die naam beteken God by ons."*

Die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem kom na ons toe as Emmanuel , as God by ons, en deel met ons sy vrede met God en met mekaar.